



Villa Byvoegmiddel Wenk van die Maand – Junie 2022

GEEN WATER IS PERFEK NIE

Water met 'n hoë soutinhoud is nadelig vir sekere gewasbeskermingsprodukte (GBP). Die persepsie dat water met 'n lae soutinhoud geen nadele het nie is nie waar nie. Producente het soms 'n keuse tussen verskillende waterbronne en kies gewoonlik die bron met die laagste soutinhoud. Daar is nie 'n probleem met hierdie benadering nie, maar alle waterbronne het uitdagings. Wanneer GBP toegedien word, moet die waterkwaliteit altyd in ag geneem word, en die nodige stappe geneem word om waterprobleme te vermy. Ons bespreek die voor- en nadele van hierdie twee watertipes.

Water met hoë soutinhoud

Harde en brak water wat 'n hoë konsentrasie kalsium en magnesium, of 'n hoë konsentrasie natrium bevat, is bekende antagonistiese van verskeie na-opkoms onkruidodders. Antagonistiese katione bind aan die onkruidodder tydens druppel uitdroging en vorm 'n onkruidodder-katioon verbinding wat swak deur onkruid opgeneem word. Swak opname van die onkruidodder lei tot swak onkruidbeheer. Hierdie tipe water beïnvloed onkruidodders soos glifosaat, glufosinaat, kletodim, sekere sulfonielureums, en sekere fenoksies op 'n negatiewe wyse. Dit is 'n probleem, maar daar is 'n oplossing wat genoegsame opname en aanvaarbare beheer verseker. Byvoegmiddels met spuitgraad ammoniumsulfaat word gebruik om die antagonistiese katione te bind voordat dit met die onkruidodder kan reageer. Villa ondersteun hierdie wyd getoetste metode. Indien 'n onkruidodder met ammoniumsulfaat geregistreer is, is dit belangrik om die aanbevole byvoegmiddel te gebruik. Die ander probleem met water met 'n hoë soutinhoud is dat dit 'n hoë bufferkapasiteit kan hê, daarom sal dit 'n verandering in pH weerstaan. Indien 'n buffer nie daarin slaag om die pH genoegsaam te verlaag nie, kan sekere insekdoders aan alkaliese hidrolise blootgestel word wat dan tot verswakte beheer kan lei.

Water met lae soutinhoud

Die eerste probleem met water met 'n lae soutinhoud is dat dit uitermatig kan skuim met sekere produkte. Dit is 'n probleem met alle waterbronne wat 'n lae kalsium- en magnesiumvlak het, ongeag van die ander opgeloste katione. Die skuim probleem kan egter effektief met teen-skuimmiddels reggestel word. Water met 'n lae soutinhoud het geen bufferkapasiteit nie, en kan nie 'n dramatiese verandering in pH weerstaan nie. Sodra verskillende komponente met verskillende pH-waardes in die spuitmengsel bygevoeg word, kan die pH opwaarts of afwaarts spring. Dit kan ernstige probleme vir die ander komponente in die spuittenk veroorsaak wat deur sekere pH vlakke beïnvloed word. Uitermatige lae pH vlakke kan ook sekere GBP formulasies destabiliseer en sal fisiese onverenigbaarheid veroorsaak met probleme soos geblokte siwwe en spuitpunte. Fisiese onverenigbaarheid word meer dikwels in hierdie tipe water as in hoë soutinhoud water aangetref. Indien buffers in water met 'n lae soutinhoud gebruik word, maak seker dat die korrekte pH-reeks bereik word. Die risiko van 'n drasties verlaagde pH is gewoonlik daar met hierdie tipe water.

Villa se mening

Water is nie perfek nie en verskillende tipes water het verskillende uitdagings, maar dit is nie 'n probleem indien 'n mens bewus is van die uitdagings wat deur verskillende watertipes veroorsaak word nie. Gebruik waterkondisionerende byvoegmiddels indien dit aanbeveel word en maak seker dat dit die water genoegsaam regstel. 'n Klein fout kan 'n groot invloed op effektiwiteit hê. Kontak gerus vir Pierré Strydom op 073 342 1426 of Pstrydom@WinFieldUnited.co.za vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit.

In die tenk. In die lug. Op die teiken.

